die mens versamel is, te interpreteer en dat die mens sonder so 'n aanduiding onverklaarbaar is. As hy dan uiteindelik so 'n aanduiding vind, naamlik simboolvorming, beland hy in 'n uiters eensydige en humanistiese beskouing want hy wil die mens verstaan net vanuit simboolvorming; hierin lê die wese van die mens vir hom opgesluit.

Uitgaande van ons standpunt, berus hierdie probleemstelling van Cassirer op 'n valse grondslag. Ons het nie 'n draad van Ariadne nodig om die mens te verstaan nie. So'n draad word vir ons in die Skrif aangedui. Dit wil egter nie sê dat die mens vir ons 'n oop boek is nie. Net soos die eenheid, of liewer die harmonie, tussen die mens èn die res van die skepping met die sondeval verbreek is, so is die innerlike eenheid en harmonie in die mens ook versteur. Die resultaat hiervan is botsings en konflikte tussen mens en natuur, mens en mens sowel as in die mens self. As gevolg hiervan is sy opdrag om oor die skepping te heers ontsaglik bemoeilik. Hierdie sondeval van die mens word op al die verskillende terreine as abnormaliteite geopenbaar. Ons noem hier enkeles. In sy liggaamlike bestaan is hy onderhewig aan siekte en dood; in sy kultuur vind ons die nadelige, die onlogiese, die onware, die lelike, die onreine, ens.; in sy wilslewe is hy onbekwaam tot enig goed; in sy gevoelslewe onstabiel en beheers deur sy emosies; in sy kenlewe sien hy soos deur 'n spieël in 'n raaisel. In 'n studie van die mens moet die vraag dus nie wees wat is die mens nie maar wat het die mens as gevolg van die sondeval geword.

Ons kan ook vra hoe kan die mens tot vryheid kom, maar met vryheid bedoel ons iets heel anders as Cassirer. Volgens Cassirer verwerf die mens selfbevryding deur middel van sy simboolskepping, negatief deur hom los te maak van die bande van die natuur en positief deur die vergeesteling van die mens en natuur (ideation). Vir ons is die vryheid op kiesmoontlikheid gegrond, negatief deur die kwade te versaak en positief deur 'n aktiewe strewe. Die verwerwing van vryheid lê op die weg van wetsgehoorsaamheid in die vervulling van ons roeping in diens aan God en in die skepping van kultuur (natuur en mensbeheersing). Gebondenheid beteken vir Cassirer gebondenheid aan die sinnelike (sensuous) terwyl dit vir ons sondebevangenheid is.

Tereg het Cassirer 'n probleem om die eenheid van die mens te verklaar. Vir ons bestaan so 'n probleem nie, want ook hier is vir ons die weg in die Skrif aangedui. Die eenheid van die mens lê nie in die kosmos en die funksies van die mens nie - waar Cassirer dit soek - maar dit lê in sy hoedanigheid as kind van God en in sy geskapenheid na die beeld van God.

## HOOFSTUK 13 SY MENSBESKOUING

1. Verskil tussen mens en dier. In sy ontleding van wat die mens is kom Cassirer tot die gevolgtrekking dat daar 'n wesensverskil tussen die mens en die dier is. Hy grond sy argumente op die feit dat hy in die vergelyking tussen die mense- en dierelewe vind dat daar verskillende vermoëns, funksies, aktiwiteite, ens. by mense en diere analoog is, wat egter nie

tot mekaar herleibaar is nie. So vind hy 'n verskil in hulle sintuiglike reaksies, in hulle simboliese gedrag, in hulle ruimtelike en tydelike aanpassing, in hulle taal en in hulle sosiale aanpassing. Die een kon ook nie uit die ander ontwikkel het nie want dan sou dit te veel mutasies vereis. Die mens het in sy ontwikkeling (emergent evolution) self hierdie dinge verwerf wat hom wesensverskillend van die dier maak. Daar bly dus 'n gaping tussen mens en dier wat Cassirer nie kan oorbrug nie, sy "emergent evolution" ten spyt. Volgens ons beskouing is daar geen lakune tussen mens en dier nie. Alhoewel die mens wesenverskillend van die res van die skepping is, is daar tog 'n intieme samehang van stof, plant, dier en mens.

Alhoewel ons met Cassirer saamstem dat daar 'n wesensverskil tussen mens en dier is en dat hierdie verskil hom op verskillende terreine openbaar, meen ons tog dat hy die wese van die verskil verkeerd benader.

God het die mens wesensverskillend van die dier geskape en vir hom 'n roeping en 'n taak gegee en hom daartoe toegerus. Daarom kan hy aktiwiteite uitvoer wat die dier nie kan doen nie, het hy vermoëns wat die dier nie het nie en kan hy funksies vervul waartoe die dier nie in staat is nie. As Cassirer dan hierdie dinge wat die mens wesensverskillend van die dier maak as 'n verwerwing van die mens sien dan dwaal hy.

Cassirer kan nooit tot die wese van die verskil tussen mens en dier geraak nie, want hy soek die verskil in die funksies en vermoëns van die mens (simboolvorming, taal, ens.). Die wesensverskil lê nie in hierdie genoemde dinge nie - dit is juis omdat die mens wesensverskillend van die dier is dat hy tot hierdie verskillende dinge in staat is en die dier nie. In sy beredenering span hy dus die kar voor die perd en plaas dinge eerste wat nie eerste is nie.

So stel hy dat die mens 'n lewewekkende (vivifying) beginsel in hom het wat selfs die doofstomme, blinde kind hoër maak as die hoogsontwikkelde dier. Dit is nie hierdie beginsel wat hom anders maak nie, maar omdat hy deur God tot 'n hoër wese geskape is.

Hy sien 'n verskil in die intelligensie van die mens en dier. Hy sê dat die dier 'n praktiese verbeelding en intelligensie het terwyl die mens 'n simboliese verbeelding en intelligensie het. Die verskil gaan baie dieper as dit. Die mens het ook 'n praktiese verbeelding en intelligensie en selfs daarin is hy wesensverskillend van die dier.

Die fundamentele rede waarom hy nie kan deurdring tot die wese van die verskil tussen mens en dier nie, is omdat hy nie 'n wesensverskil tussen mens en God sien nie. Trouens, sy godsbegrip is 'n skepping van die menslike gees en God is vir hom niks meer as 'n simbool nie (hieroor later meer). Een van die wesenlike kenmerke van die mens lê juis hierin dat hy 'n godkennende en goddienende en god-erende wese is en dit is een van die fundamentele verskille tussen mens en dier.

Om nou kort saam te vat wat ons as wesenverskil tussen die mens en die dier beskou: (i) Die mens is in staat tot allerlei geestelike funksies (godsdiens, sedelikheid, taal, kuns, denke, ens., ens.) en dit ontbreek

82./ by die dier. .....

by die dier. (ii) Die mens is 'n strukturele eenheid van al hierdie geestelike funksies en van sy ruimtelike, tydelike, fisiese, biotiese en psigiese bestaan, terwyl die dier 'n strukturele eenheid van net laasgenoemde vyf is. (iii) Dit wat die mens en die dier gemeenskaplik het is nie identies nie maar analoog (iv) Die mens staan onder sekere norme en het sekere take waarvoor hy verantwoordelik is vir uitvoering, maar staan nog vry daarteenoor, terwyl die dier nie onder norme staan nie en ook nie vrye verantwoordelikheid vir take kan anvaar nie. (v) Ten laaste die mees fundamentele verskil, naamlik dat die mens na die beeld van God geskape is en die dier nie.

2. Die Mens. Soos reeds hierbo gestel, het Cassirer vanuit sy transendentale visie 'n wesenlike probleem om 'n eenheid by die 'mens' te vind. As orde en wet, ens. skeppinge van die menslike gees is, kan dit tog nie die skepping van 'n gesamentlike gees wees nie. Daar bestaan nie so iets nie. Hoe kan dan uit die skepping van soveel individuele geeste vanaf die vroegste tye tot vandag 'n eenheid na vore kom? As hy nie so 'n eenheid kan vind nie kan hy nooit verder kom as een mens nie; meer nog, nooit verder as hyself nie. Hy vind die eenheid in die feit dat die mens 'n simboolvormende of simboolskeppende wese is - 'n funksie wat hy vervul volgens fundamentele wette wat daarvoor geld. In sy erkenning van 'n fundamentele wetmatigheid, 'n wetmatigheid wat nie die skepping van die menslike gees is nie, weerspreek hy dus die wese van die transendentale siening. Ons kan hier byna praat van die paradoks van die transendentalisme.

Ons stem geredelik toe dat die mens simbole vorm, maar hierdie vorming is 'n taak en nie 'n funksie nie. Die taak of roeping van die mens ten opsigte van die kosmos lê nie in die vorming van simbole daarvan nie, maar in natuur- en selfbeheersing, met ander woorde kultuurskepping. In die uitvoering van hierdie taak of roeping staan hy onder aprioriese norme en wette - nie wat hyself stel nie, maar wat buite hom lê. Hierdie eenheid wat ons dus in die mens vind kan dus nie in sy funksie van simboolvorming lê nie, maar dit moet buite hom lê - in die genoemde godgestelde aprioriese norme en wette.

Omdat die mens, volgens Cassirer, self die orde en sisteem in sy wêreld daarstel en omdat hy nie met die wêreld buite hom in direkte kontak kan kom nie, is dit te verstane dat vir hom die hoogste doel van die filosofiese denke selfkennis moet wees. Die funksie en doel van die mens se lewe is dat hy tot selfkennis moet kom en deur middel daarvan tot selfbevryding. Die implikasies van so 'n beskouing is velerlei. Godsdiens, kultuur en natuur is dus onderhewig aan diens aan die mens en die hoogste en finale doel van die mens se bestaan lê in homself opgesluit. Teenoor so 'n humanistiese beskouing waarin die mens verabsoluteer word staan ons as gelowiges heeltemal vreemd. Die mens betrek in sy denke die hele kosmos en styg self buite die kosmos uit. 'n Fundamentele eis vir die mens is dus om kennis te verwerf van God, van die kosmos en van homself. Cassirer ken nie Gods wetsorde wat hom in verskillende wetskringe manifesteer nie. Hy wil hierdie orde sien as 'n transendentale skepping van

83./ die gees van die ......

die gees van die mens.

Om dan die hoogste doel in selfkennis te stel, is maar 'n benadering van 'n deel van die werklikheid.

3. Eie beskouing. Teenoor Cassirer se mensbeskouing word ons eie mensbeskouing hier in hooftrekke gegee:

Die mens is 'n skepsel van God, in sy wese onselfgenoegsaam en aan Gods wetsorde onderworpe. Hy is wesensverskillend van die res van die skepping en kon ook nie daaruit ontwikkel nie want van al die skepsels is hy die enigste wat na die beeld van God geskape is. Dit wil egter nie sê dat hy aan God gelyk is nie want hierdie beeld dui nie 'n identiese nie, maar wel 'n analoge ooreenkoms aan. Hierdie geskapenheid na Gods beeld raak die diepste wese van die mens en dit moet sy uitwerking hê op elke werk wat hy verrig en taak wat hy uitvoer en roeping wat hy vervul.

Na sy skepping is die mens in sonde geval en deel elke mens in sy menslike erfenis in hierdie sondegebondenheid. Hieruit kan hy homself deur eie toedoen of eie prestasies nooit loswikkel nie. Deur die soendood van Christus word daar egter vir hom verlossing gebring en word hy uit genade tot vryheid - wat verantwoordelikheid en toerekenbaarheid veronderstel - in staat gestel. Hy word geroepe tot heerskappy oor die natuur buite hom en die natuur in homself en is daartoe met besondere aanleg, vermoëns en talente bedeel. In sy heersershoedanigheid tree hy op as vrye kultuurskepper, wat hy in laaste instansie altyd doen tot eer en in diens van God. Op die wyse vervul hy sy roeping om te deel in die groot stryd tussen die Ryk van die Lig en die Ryk van die Duisternis.

In sy heersershoedanigheid is hy egter nie bo die wet verhewe nie. Inteendeel, hy is wetsgebonde en hy maak juis van die wet gebruik in die beheersing van die natuur in en buite hom.

As individu is elke mens uniek, nie slegs omdat hy die resultaat is van 'n unieke omgewing en oorerwing nie, maar ook omdat hy deur God as unieke persoon geskape is, elkeen met sy eie bestemming. Daarom is die groei van elke mens kousaal sowel as teleologies bepaal. Dieselfde is van toepassing op die mens as soort. Die finale doel van elke mens se lewe lê dus nie in homself nie maar buite en bo hom.

Die vermoë van die mens om die werklikheid buite hom (of anders gestel, die openbaring van God in die Skrif en in die natuur) te ken, berus op verskillende kenfunksies, waarmee God die mens bedeel het. In al hierdie kenfunksies het hy te doen met sy "Umwelt" en staan hy daarteenoor in 'n horisontale verhouding. Hy kan egter ook tot kennis van God kom en daarvoor is 'n vertikale kenning nodig. Alhoewel God hom in die Skrif en in die natuur openbaar en die mens so tot kennis van God kan kom, is geloof nodig om God te ken in al die wonder van Sy genade, liefde, almag, alwysheid, ens. Hierdie kenfunksie is deur die sonde in die mens baie vertroebel en daarom is die mens se kennis van God so baiekeer totaal gebrekkig.

Hierdie bogenoemde is geensins 'n poging om die mens in sy ingewikkelde samestelling te verklaar nie; dit raak trouens nie eers al die aspekte

84./ van sy bestaan .....

bestaan nie, maar is, volgens ons beskouing, slegs 'n aanduiding van die bane waarlangs die ondersoek na die wese van die mens gestuur moet word.

Enige ondersoek wat slegs die mens in sy werke in oënskou neem, kan nooit tot die diepste wese van die mens deurdring nie. Die mees fundamentele kenmerk van die mens is, soos ons hierbo probeer aantoon het, sy God-gebondenheid en vanuit hierdie teosentriese standpunt alleen kan die mens volkome verklaar word.

## HOOFSTUK 14 DIE SIMBOOL EN DIE SIMBOLIESE FUNKSIE

1. Inleiding. In hierdie kritiese bespreking van die simbool en die simboliese funksie bepaal ons ons by sy algemene siening hiervan en nie hoedat dit van toepassing is in die verskillende kultuursektore nie. Dit gedoen word wanneer ons die kultuursektore apart bespreek.

Cassirer se simboolbeskouing is die sentrum waarom sy hele mens- en wêreldbeskouing draai. Dit is die simboliese funksie wat die mens werklik tot mens maak en hom onderskei van die dier; deur sy simboliese funksie word hy in staat gestel om 'n eie wêreld met sy orde en sisteem daar te stel; dit is die simboliese funksie waarin die algemeen-menslike, die noodwendig-menslike en die identies-menslike aangetref word, nieteenstaande verskille in kultuur en ontwikkeling, by alle volke te alle tye.

Hy trek 'n baie duidelike skeidslyn tussen die tekens waarop diere reageer en die simbole wat mense maak.[1] Hy sien ook nie die simbool soos ons dit sien nie naamlik iets wat in die plek van iets anders kom(Id quod stat pro quo) want dit gaan vir hom nie oor die inhoud van die simbool nie. Hy sien die simbool suiwer funksioneel en deur hierdie funksionele handeling betree die mens 'n nuwe dimensie naamlik díe van "meaning" en dit "from inside to outside". Dit is ook in hierdie struktureelbepaalde funksie dat die simbool universele toepasbaarheid verkry. Die veranderlikheid en versatiliteit van die simbool het te doen met sy inhoud en nie sy funksie nie; daarom is hierdie veranderlikheid en versatiliteit nie in stryd met die universele toepasbaarheid - wat in die struktuur lê - nie, maar 'n korrelaat daarvan. Ons het hier 'n mooi voorbeeld van hoe Cassirer die genetiese met die transendentale verbind: die inhoud sien hy geneties en die vorm, struktuur en funksie transendentaal. Dit is ook ten slotte kragtens die simboliese funksie dat die mens hom al hoe meer losmaak van die natuur- en sintuiglikgebondenheid, want in die skepping van sy eie wêreld "man converses with himself" in al toenemender mate. Die rigting in die simboolfunksie is na 'n meer ideële simboliek en suiwer sinvolheid. Dit is dus duidelik waarom die hoogste doel van die mens se lewe selfbevryding is en waarom hierdie proses langs die weg van selfkennis moet gaan.

2. Die aard van die simbool. Soos ons reeds gesê het, sien Cassirer glad nie die simbool soos ons dit sien nie. Vir hom is dit 'n funksionele menslike skepping, terwyl dit vir ons iets is wat staan in die plek van iets anders. Vir hom het die simbool waarde vir sover dit sin en beteke-

85./ nis aan ervaring ...

1. Sien hoofstuk 4.